

Avontuur Verhale

# Die Selfsugtige Reus

Deur Oscar Wilde

THINK DIGITAL ACADEMY



# Lank, Lank Gelede

Elke middag, soos hulle van die skool af gekom het, het die kinders in die Reus se tuin gaan speel.

Dit was 'n groot, lieflike tuin, met sagte groen gras. Hier en daar het pragtige blomme soos sterre oor die gras gestaan, en daar was twaalf perskebome wat in die lente uitgebreek het in delikate bloeisels van pienk en pêrel, dit het in die herfs ryk vrugte gedra.



Die voëls het op die bome gesit en so lekker gesing dat die kinders soms hul speletjies gestop het om daarna te luister. "Ons is so gelukkig hier!" hulle het vir mekaar gesê.



Eendag het die Reus terug gekom. Hy het by sy vriend, die Korniese Mensvreter gaan kuier, hy het vir sewe jaar by hom gebly.

Nadat die sewe jaar verby was, het hy alles gesê wat hy te sê gehad het, want sy gesprek was beperk, en hy het besluit om terug te keer na sy eie kasteel.



Toe hy daar aan gekom het, het hy kinders in sy tuin gesien speel.

"Wat maak julle hier?” het hy in ’n baie nors stem uitgeroep, en die kinders het weggehardloop.

"Die is my tuin, my eie tuin," het die Reus gesê; "enigiemand kan dit verstaan, en ek sal niemand toelaat om daarin te speel, behalwe ekself."



So, het hy 'n hoë muur rondom gebou en 'n kennisgewingbord opgesit.

***OORTREDERS***
***SAL***
***VERVOLG WORD***

Hy was 'n baie selfsugtige Reus.




Die arme kinders het nou nêrens gehad om te speel nie. Hulle het probeer om op die pad te speel, maar die pad was baie stowwerig en vol harde klippe, en hulle het nie daarvan gehou nie.



Hulle het gewoonlik om die hoë muur rondgedwaal as hulle lesse verby was en het oor die pragtige tuin daar binne gesels. “Ons was so gelukkig daar,” het hulle vir mekaar gesê.



Toe het Lente aan gekom, en oral in die land was daar blommetjies en voëltjies.



Net in die tuin van die Selfsugtige Reus was dit nog winter. Die voëls het nie omgegee om daar te gaan sing nie, want daar was geen kinders nie, en die bome het vergeet om te blom.

Eenkeer het 'n pragtige blom sy kop uit die gras gesteek, maar toe hy die kennisgewingbord sien, was die blommetjie so jammer vir die kinders dat dit weer in die grond terug gegly het en gaan slaap het.





Die enigste mense wat tevrede was, was die Sneeu en die Ryp. "Lente het van hierdie tuin vergeet," het hulle uit geroep, "So ons sal die hele jaar hier woon." Die Sneeu het die gras bedek met haar groot wit mantel, en die Ryp het al die bome silwer geverf.

Toe nooi hulle die Noordewind om by hulle te kom bly, en hy het gekom. Hy was in pelse toe gedraai, en hy het die hele dag in die tuin gebrul en die skoorsteen potte af geblaas. "Dit is 'n heerlike plek," het hy gesê, "ons moet ook vir Hael vra om ons te kom besoek."



So, het Hael ook gekom. Elke dag vir drie ure het hy op die dak van die kasteel geratel totdat hy die meeste van die leisteen gebreek het, en dan hardloop hy om en om die tuin so vinnig as wat hy kon. Hy was in grys geklee, en sy asem was soos ys.



"Ek kan nie verstaan hoekom die Lente so laat kom nie," het die Selfsugtige Reus gesê, terwyl hy by die venster staan en na sy koue wit tuin uitkyk; "Ek hoop daar sal 'n verandering in die weer wees."



Maar Lente het nooit gekom nie, en Somer het ook nie gekom nie. Herfs het goue vrugte aan elke tuin gegee, maar aan die Reus se tuin het sy niks gegee nie.



"Hy is te selfsugtig," het sy gesê. So dit was altyd Winter daar, en die Noordewind, en die Hael, en die Ryp, en die Sneeu het deur die bome gedans.



Een oggend, net toe die reus uit die bed opstaan, het hy lieflike musiek gehoor. Dit het so soet in sy ore geklink dat hy gedink het, dat dit die Koning se musikante moet wees wat hier verbykom. Dit was net 'n klein vlasvink wat buite sy venster gesing het, maar dit was so lank sedert hy 'n voël in sy tuin gehoor sing het dat dit vir hom soos die mooiste musiek ter wêreld geklink het.



Toe hou die Hael op om oor sy kop te dans, en die Noorde wind het opgehou brul, en 'n heerlike parfuum het deur die oop raam na hom gekom. "Ek glo Lente het uiteindelik gekom," het die Reus gesê!

Wat het hy gesien?



Hy het  die mees wonderlikste sig gesien. Deur 'n klein gaatjie in die muur het die kinders ingekruip, en hulle het in die takke van die bome gesit. In elke boom wat hy kon sien was daar 'n klein kindjie. En die bome was so bly om die kinders weer terug te hê dat hulle hulself met bloeisels bedek het en hul arms saggies bo die kinders se koppe geswaai het.



. Die voëls het rond gevlieg en gekwetter van lekkerte, en die blomme het deur die groen gras opgekyk en gelag. Dit was 'n lieflike toneel.



Net in die een hoek was dit nog winter gewees. Dit was die verste hoek van die tuin, en daar het 'n seuntjie gestaan. Hy was so klein dat hy nie tot by die takke van die boom kon bykom nie, en hy het oral om dit rond gedwaal en bitterlik gehuil. Die arme boom was nog redelik bedek met ryp en sneeu, en die Noordewind het bo hom gewaai en gebrul. "Klim op, klein seuntjie!" het die Boom vir die seuntjie gesê, en sy takke so laag as wat hy kon af gebuig; maar die seuntjie was net te klein.



En die Reus se hart het gesmelt toe hy uitkyk. "Hoe selfsugtig was ek nie!" het hy gesê: "Nou weet ek hoekom die Lente nie hierheen wou gekom het nie. Ek sal daardie arme seuntjie bo-op die boom gaan sit, en dan sal ek die muur afslaan, en my tuin sal vir ewig en altyd ‘n kinderspeelplek wees." Hy was regtig baie jammer oor wat hy gedoen het.



So, het hy ondertoe gesluip en die voordeur redelik sag oop gemaak en uit in die tuin gegaan. Maar toe die kinders hom gewaar het, was hulle so bang dat hulle almal weg gehardloop het...



... en die tuin het weer winter geword. Net die seuntjie het nie weg gehardloop nie, want sy oë was so vol trane dat hy nie die Reus gesien nader kom het nie. En die Reus het agter hom aangestap en hom saggies in sy hand geneem en hom in die boom gesit.

En die boom het dadelik in blomme uitgebars, en die voëls het gekom en in die boom gesing, en die klein seuntjie het sy arms uitgesteek, om die reus se nek gegooi, en hom gesoen.



En toe die ander kinders sien, dat die Reus nie meer boos was nie, het hulle terug gehardloop, en die Lente het saam met hulle gekom. "Dit is nou julle tuin, kindertjies," het die Reus gesê...



... en hy het 'n groot byl geneem en die muur plat geslaan. En toe die mense twaalf uur mark toe gegaan het, het hulle die Reus gesien wat met die kinders gespeel het in die mooiste tuin wat hulle nog ooit gesien het.



Die hele dag lank het hulle gespeel, en in die aand het hulle na die Reus gekom om hom te groet.

" Maar waar is julle maatjie?” het hy gesê: “die seuntjie wat ek in die boom gesit het.” Die Reus was die meeste lief vir hom, want hy het hom gesoen.



" Ons weet nie," het die kinders geantwoord; " hy het weggegaan."

" Julle moet vir hom sê om môre hierheen te kom," het die Reus gesê. Maar die kinders het gesê dat hulle nie geweet het waar hy woon nie en hulle het hom nog nooit gesien nie; en die Reus he baie hartseer gevoel.



Elke middag, as skool verby was, het die kinders met die Reus gaan speel. Maar die seuntjie vir wie die Reus lief was, was nooit weer gesien nie. Die Reus was baie vriendelik met al die kinders, tog het hy verlang na sy eerste klein maatjie, en die reus het dikwels van hom gepraat. "Ek wil hom so graag sien!" het hy altyd gesê.



Jaare het verbygegaan, en die Reus het baie oud en swak geword. Hy kon nie meer rondgespeel het nie, so hy het in 'n groot leunstoel gesit en die kinders by hul speletjies dopgehou en sy tuin bewonder. “Ek het ‘n baie mooi blomme tuin,” het hy gesê; “maar die kinders is die mooiste blomme van almal."



Een wintersoggend het hy by sy venster uitgekyk terwyl hy besig was om aan te trek. Hy het nie meer die winter gehaat nie, want hy het geweet dat dit bloot was dat lente geslaap het, en dat die blomme gerus het.

Skielik vryf hy verwonderd oor sy oë en kyk en kyk. Dit was beslis 'n wonderlike sig...



In die verste hoek van die tuin was 'n boom redelik bedek met lieflike wit bloeisels. Sy takke was almal goud kleurig, en silwer vrugte het van hulle gehang, en daaronder het die seuntjie gestaan wat hy baie lief gehad het.



Die Reus het die trappe af in groot vreugde gehardloop, en uit in die tuin. Hy het oor die gras gehaas en naby die kind gekom. En toe hy heeltemal naby gekom het, het sy gesig rooi geword van woede, en hy het gesê: Wie het dit gewaag om jou so seer te maak? Want op die handpalms van die kind was die afdrukke van twee spykers, en die afdrukke van twee spykers was ook op die voetjies.



" Wie het dit gewaag om jou seer te maak?" het die Reus geroep; "sê vir my, sodat ek my groot swaard kan neem en hom kan doodmaak."

" Nee!" het die kind geantwoord, "maar die is wonde van Liefde."



" Wie is jy?" het die Reus gesê, en 'n vreemde ontsag het op hom geval, en hy het voor die kindjie gekniel.

En die kind het vir die Reus geglimlag en vir hom gesê: “Jy het my een keer in jou tuin laat speel, vandag sal jy saam met my na my tuin toe kom, dit is die Paradys."



En toe die kinders daardie middag aan gehardloop gekom het, het hulle die Reus dood onder die boom gevind, hy was bedek met wit bloeisels.

# Die Einde




THINK
DIGITAL ACADEMY